higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N50(A)(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4

(Eerste Vraestel)

(5140254)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

GEEN elektroniese woordeboeke mag gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eeste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy is die eienaar van 'n groentewinkel in Parow wat tuisgekweekte groente verkoop. Jy wil graag meer mense bewus maak van die voordele daarvan om self groente te kweek.

VRAAG 1: PRÉCIS

Lees die artikel BYLAE A (aangeheg) oor SOIL FOR LIFE 'n organisasie wat mense leer om hul eie groentetuine te begin om sodoende uiteindelik hulle eie groente op tafel te sit asook om 'n eie inkomste te kan genereer. Jy wil die inligting in die maandelikse blaadjie aan kliënte en belangstellendes gee. Som die artikel in 100 woorde op. Gee 'n nuwe opskrif.

INHOUD	LOGIESE SAMEHANG	TAAL/SPEL/ STYL	WOORDE	OPSKRIF	TOTAAL
10	4	4	1	1	20

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

Jy is die oggend van 3 April uitstedig vir die aankoop van nuwe voorraad. Terwyl jy uit is, skakel Jan Galant van 'n plaaslike maatskappy wat funksies organiseer, FUNCTION WELL, en vra of hulle eksklusief van jou groente kan aankoop vir die buffetete vir 'n troue. Dit is die troue van 'n nasionale rugbyheld, Oubaas Blomkamp, met 'n bekende plaaslike sepiester Valentino Beukes op 10 Julie. Gebruik die telefoonboodskapvorm BYLAE B en skryf die boodskap soos jou sekretaresse dit afgeneem het terwyl jy nie beskikbaar was nie. Jan versoek dat hy teruggeskakel moet word.

INHOUD	TAAL/SPEL/STYL	TOTAAL
10	-1 per fout van inhoud	10

[10]

VRAAG 3: KLAGTEBRIEF

Jy bestel al jou groente by verskillende entrepeneurs wat groente kweek. GROENTEVARS, jou grootste verskaffer, laat weet jou 'n week voor die troue dat hulle sekere van die groente en vrugte, onder andere, wortels, sampioene en groenboontjies nie betyds kan aflewer nie as gevolg van 'n swak oes. Skryf 'n klagtebrief aan Dirk Eksteen, die hoof van bestellings waarin jy jou ontevredenheid met die swak diens uitspreek.

INHOUD	TAAL/SPEL/STYL	UITLEG	TOTAAL
8	4	8	20

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

Pat Featherstone,die stigter en direkteur van SOIL FOR LIVE, nader jou om 'n begeleide staptoer deur vyf van die bekendste groentekwekerye in Constantia te organiseer. Jy word gevra om vooraf ondersoek te doen na die belangstelling in so 'n toer. Die plaaslike munisipaliteit, die publiek, rolspelers in toerisme, die groentebedryf, supermarkte en groentehandelaars, gastehuiseienaars, hotelle, ensovoorts moet 'n inset in die ondersoek kan lewer. Die toer moet voor 5 Mei 2019 gehou word. Skryf die ondersoekverslag. Gebruik ten minste DRIE ondersoekmetodes. Jy mag van denkbeeldige inligting gebruik maak

Gebruik die volgende uitleg:

NAAM VAN ORGANISASIE

ONDERSOEKVERSLAG NA ...

1. OPDRAG EN DOEL
2. ONDERSOEKMETODES
3. BEVINDINGE
4. GEVOLGTREKKING
5. AANBEVELINGS

NAAM

INHOUD	TAAL/SPEL/STYL	UITLEG	TOTAAL
15	10	5	30

[30]

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

Heelwat van die persone wat jou blaadjie lees, stel belang in so 'n toer. Stel 'n omsendbrief op waarin jy hulle oor die begeleide toer wat vir 1 Mei 2019 beplan word, inlig. Die busse wat die besoekers vervoer sal 08:00 vanaf die parkeerarea van die Simon van der Stellandgoed vertrek. Die toerlede moet reeds 07:00 aanmeld. Hulle sal vyf van die bekendste kwekerye in Constantia besoek en om 13:00 terug wees vir 'n ligte middagete by die Simon van der Stellandgoed se restaurant. Ten slotte sal daar tussen 15:00–16:00 'n lesing aangebied word deur me Pat Featherstone stigter en direkteur van SOIL FOR LIFE. Sekuriteit sal gereël word en die R300 inskrywingsfooi is betaalbaar voor I0 April 2017. Skryf die omsendbrief waarin jy al die nodige inligting verskaf.

INHOUD	TAAL/SPEL/STYL	UITLEG	TOTAAL
11	4	5	20

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

SOIL FOR LIFE

Die organisasie leer mense om hul eie groentetuine te kweek sodat hulle bekostigbaar kos op hul familie se tafel kan sit en selfs 'n inkomste kan verdien deur van die groente te verkoop. SOIL FOR LIFE wat 'n opleidingsentrum in Constantia het, lei sedert 2002 tuiniers uit 16 lae-inkomste-woonbuurte Insluitend Bishop, Lavis, Delft en Gugulethu in die Wes-Kaap op.

Tussen 2010 en 2015 is meer as 2 800 tuiniers opgelei.

Pat Featherstone, stigter en direkteur van SOIL FOR LIFE verklaar dat die organisasie mense oplei van weelderige voorstede tot sanderige townships in hoe om gesonde kos met omgewingsvriendelike en goedkoop metodes te kweek.

'Daar is baie voordele, fisiek en geestelik vir die tuinier, hulle families, gemeenskappe en vir die planeet' aldus Pat.

Avril, Isaacs (60) van Mitchells Plain verbou sommer groente in ou toilette en gebruikte bierbottels.

In die twaalf weke lange program by SOIL FOR LIFE het sy geleer om kreatief te wees in haar tuin. Sy is van opinie dat dit nie nodig is om potte te koop nie. Sy gebruik ook allerlei ou skoene as houers in haar tuin

Sy het geleer hoe om water te bespaar deur 'n watertenk in haar tuin aan te bring.

Volgens Avril hoef jy net gesonde verstand te gebruik om 'n pragtige groentetuin te kweek. 'Wat jy insit, sal jy uitkry'.

*Met erkenning aan **Abrie Burger - Rapport***

BYLAE B

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2

TELEFOONBOODSKAP	
AAN: _____	VAN: _____
DATUM: _____	FIRMA: _____
TYD: _____	TEL: _____
☐ Het geskakel ☐ Skakel terug	☐ Sal weer skakel ☐ Verlang 'n afspraak
BOODSKAP: _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ BOODSKAP GENEEM DEUR: _____	

INHOUD	**TAAL/SPEL/STYL**	**UITLEG**	**TOTAAL**
15	10	-1 per fout van inhoud	10

[35]

Handig hierdie bylae saam met die ANTWOORDBOEK in.

Kopiereg voorbehou